



Houtbaai se Vissers

As jy op Houtbaai se hawe tussen die (meestal verlate) visfabrieke stap, sal jy skuins oorkant Snoekies, die gewilde vis-en-skyfiewinkel, Biblia Hawesending se geboutjie sien.

As jy teen die houtrap oploop, sal jy ds Gerhard Pietersen, ook tans tentmakerpredikant van Houtbaai se NG Kerk, en die opvolger van Vernon Louw en Jeremy Wyngaardt, daar raakloop. Gerhard is deelyds by Arbeidsbediening se Vissersbediening in Houtbaai betrokke en vertel: "Aanvanklik het ek net op die vissers self gefokus, maar dit het gou verskuif na 'n meer holistiese bediening van die gemeenskap.

"Die visbedryf het afgeneem; fabrieke is gesluit (daar is huidig slegs een werkende fabriek op die hele hawe oor), vis is uitgedun, kwotas is 'n probleem en die mans wat wel werk as vissers het, is soms tot ses dae per

week weg van hul gesinne. Al hierdie faktore het bygedra tot erge sosio-maatskaplike probleme, soos dwelmverslawing, gesinsgeweld en bendes."

In 'n poging om al hierdie probleme aan te spreek, vorm Biblia en die gemeente vennootskappe met talle nie-regeringsorganisasies, soos Cares Rehab, 'n ondersteuningsgroep vir dwelmafhanlikes en Community Cohesion, wat ook hul Houtbaai Biblia-kiosk gebruik en die gemeenskap se maatskaplike behoeftes bedien. Vrywilligers word gebruik om berading te doen en gesinne te ondersteun.

Gerard besoek gereeld vissers en stalletjie-mense op die hawe en bid vir hulle behoeftes. Daar word ook Bybelstudie aangebied in hulle Biblia Hawesendinggeboutjie waar baie verstotenes 'n welkome tuiste vind. 'n Paar speelskooltjies is ook al opgerig waar die gemeenskap se kinders positief gestimuleer en versorg kan word.

Die kinders in die gemeenskap word ook met die evangelie bedien deur die benutting van Sport en Spel en in die proses is daar reeds 21 sportafrigters toegerus. Hulle het die **mentorskapprogram** deurloop sodat hulle as rolmodelle vir die kinders kan optree, vertrouensverhoudings met hul gevestig kan word en die kinders sodoende 'n mentor het met wie hulle kan praat as die nood druk.

In 2013 is daar met 80 kinders vanuit die gemeenskap gaan kamp en alhoewel dit 'n uitdagende projek was, is baie goeie verhoudings met die kinders opgebou en is vertrouensverhoudings gevestig. Die kinders presenteer met baie aggressie en daarom is dit nodig dat daar mentors binne die gemeenskap sal wees en dat die kinders die geleentheid moet kry om aan enige vorm van sport en spel deel te neem.

Kontak Gerhard Pietersen by gmpietersen@gmail.com vir meer inligting.